'Plakboek' en koffie met Laurika in laatmiddaglig

JACKIE PIENAAR

EK vertel Laurika Rauch van my gevoel Maandagaand in haar en Amanda Strydom se eerste gesamentlike optrede op die Klein Karoo Nasionale Kunstefees in hul vennootskaplike *Plakboek*.

Dat, al het wát ook al gebeur, niks en niemand die mense wat die burgersentrum volgepak het, sou kon oortuig het dat hulle nié briljant is nie. (Twee groot vlieë met een klap, het een feesganger dit genoem.)

Sy kyk my effe vreemd aan, begin dan lag.

Is daar in haar loopbaan van 26 jaar al ooit 'n slegte resensie oor haar werk geskryf, wil ek weet by die sanger/interpreteerder wie se loopbaan in 1979 met "Kinders van die Wind" woema gekry het.

"Ek weet nie van 'n volledige slegte resensie nie," sê sy taktvol. "Maar daar is al 'n sin in my rigting gegooi. Ek het dit ter harte geneem . . . en gebruik om my te slyp." Later: "Daar is mense wat gisteraand (Maandagaand) in die gehoor was en sê hulle het die warmte vanuit die gehoor na ons toe gevoel."

Sy word met reëlmaat as volksbesit, as 'n ikoon bestempel. Hoe voel dit?

"Jislaaik, dis 'n moeilike vraag.

"Ek steur my nie daaraan nie," antwoord sy dan, verduidelik dat sy dit nie lelik bedoel nie.

"Dit gee my ook vlerke om voort te gaan om te ontwikkel. Dis hoekom ek saam met Amanda werk.

"Dit is wonderlik as mense dit sê, as hulle mooi goed sê. Maar dit het geen betekenis in terme van wie ek is nie, net in terme van my werk. As ek by die huis is, is ek maar net Elsie Torr," sê sy laggend. (Soos Amanda na haar verwys na aanleiding van haar voorletters.)

Dit is vanjaar die agtste keer dat Laurika by die KKNK optree.

Sy bedank my dat ek uitgery het na die gastehuis 15 km buite Oudtshoorn waar sy tuisgaan, dra my skinkbord met koffie na die tafel.

"Dit is 'n mooi landskap. Ek het 'n vreeslike ingesteldheid op my omgewing. As ek soort van uit die gewoel is, kan ek dit absorbeer."

Dat sy twee dae oop het tussen hul vyf vertonings, het dit moontlik gemaak om die onderhoud toe te staan. As sy die oggend van 'n vertoning opstaan, het sy 'n sekere ingesteldheid, verduidelik sy.

Laurika Rauch

Sy vra mense om nie boodskappe aan haar te gee of haar konsentrasielyn te verbreek nie. 'n Onderhoud dan sal alles versteur.

"Ek het 'n proses, 'n gedagteproses. As die *show* sewe-uur begin, begin ek vroegoggend al met voorbereidings en trek ons, in ideale omstandighede, al drie uur in. Al die jare wat ek al reis en in hotelle en gastehuise bly . . . ek weet wat my by die huis 10 minute sal neem, vat dan 30 minute."

Ons praat oor *Plakboek*.

Amanda kan die storie báie mooier vertel, sê sy oor hoe dit gekom het dat hulle twee nou saam op die verhoog verskyn.

Amanda het haar so twee jaar gelede oor dié moontlikheid genader. "Ek het nie toe gedink ek sou dit kon inpas nie. Ek het net geweet ek het nie die tyd of emosionele energie gehad om so iets aan te pak nie."

Tussenin het sy en Amanda nie baie kontak op 'n persoonlike vlak gehad nie. Sy is 'n "baie liewe mens wat SMS'e stuur en op verjaardae bel en vir jou sing". Maar hulle het nie aan huis gekuier nie.

Net ná verlede jaar se Aardklop stuur Laurika een Sondag uit die bloute aan Amanda 'n e-pos en vra of sy nou lus het vir haar destydse voorstel. Wat haar gedryf het, weet sy nie.

Amanda het dit die aand oopgemaak, en later vertel dat sy net daardie selfde oggend in die tuin teenoor haar man, Tony, opgemerk het dat sy wonder wanneer Laurika daarvoor reg sal wees.

"Ons albei voel daar was 'n sinchronisiteit."

Mens ervaar dit dikwels as iets bedoel is om te wees of te gebeur, verduidelik sy later. "Nie dat daar altyd sinchronisiteit hoef te wees as jy 'n nuwe projek aanpak nie, maar dit help as dit daar is! Ek het al agtergekom dat as alles maklik in plek val – mense se beskikbaarheid te midde van 'n oorvol program, 'n teks wat organies gebeur, genoeg materiaal wat reg is vir wat jy wil sê – dan loop die produksie klopdisselboom en dis 'n plesier vir almal, hopelik ook die gehoor."

Die huidige span bestaan buiten haar en Amanda uit twee begeleiers, Janine Neethling en Peter McLea, beligtingsman Kosie Smit, klankman Frikkie Kruger, regisseur Ilse van Hemert, produksiebestuurder Bondina Osterhoff en Diemersdal en *Rooi Rose* as borge.

Hoe het dit gevoel om 'n verhoog te deel? "Dit is die eerste keer in jare dat ek dit doen. Ons is albei aan die diep kant ingegooi. Ons is albei gewoond aan solovertonings. Jy neem dan alleen beheer. Nou verskuif die verantwoordelikheid."

Tog, sê sy, is die bedoeling dat dié produksie nie méér energie moet tap nie. "Dit moet vreugde wees. En dit wás (Maandagaand) dit."

Die gesprek draai na die talle jonger kunstenaars saam met wie sy al gewerk het.

Daar is al gesê sy is geneig om minder bekende komponiste se liedjies te sing, en dan word hulle skielik raakgesien, sê sy. In die bedryf word erken sy gee baie mense 'n *kickstart*, aldus een onderhoudvoerder. "Ek neem geen verantwoordelikheid nie," sê sy en lag weer.

Primêr sien sy haarself as interpreteerder. "Ek skryf nie my eie liedjies nie. Eintlik staan ek tussen die skrywer en die gehoor," sê sy, val haarself dan in die rede. "Joe, daar is deesdae baie kunstenaars wat hul eié werk skryf en sing!"

Kan sy hoogtepunte uitlig?

"Patrick Mynardt sê mos altyd: 'God gee my 'n teks dat ek kan mal word . . . .'

"Goeie tekste. Chris (Torr, haar man) se tekste doen dit vir my. Tekste wat op die oog af gewoon en eenvoudig voorkom. As ek begin werk, besef ek hoe diep die lae is. Die doel is om al daardie lae op die oog af eenvoudig vasgevang te kry deur my interpretasie.

"Ek is nie noodwendig altyd suksesvol nie . . . Uiteraard ontroer ek nie almal nie."

Kan sy nog voorbeelde uitlig?

"Die (Jacques) Brel-liedjies het my die kans gegee om so ver te gaan as wat ek kon."

In onderhoude oor die jare is daar telkens na haar as baie privaat verwys, merk ek op. "Dit was nooit iets wat ék self gesê het nie," reageer sy vinnig. Weer 'n laggie.

Hoe sal sy haarself dan beskryf?

"Stil, maar betrokke. Ek is nie die gees van die *party* nie, maar ek is betrokke by alles wat aangaan en ek dink ek dra by tot 'n gesprek."

Die onvermydelike "wat-dink-jy-van-feeste-soos-die-KKNK"-vraag volg.

"Dit is baie belangrik vir alle kunstenaars. Hulle hoef dan nie so baie tussenin te doen nie. Maar dan is daar tog 'n sekere mate van 'n verlies as hulle nie die plattelandse en landwye toere onderneem nie. Daar is darem niks soos 'n plattelandse toer wat jou uit die stad neem nie."

Die laaste vrae volg per e-pos.

Is jy gelowig?

"Ja."

Wat inspireer jou?

"My man, my kinders, laatmiddaglig, vrye tyd, mense."

As ek wegry, stap sy in die laatmiddaglig in die tuin, 'n Prentjie van rustigheid in wit en roesbruin.